Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 13 Augustus 1947. No. 37.

# O.B. Voeg Hoofstuk Tot Republikeinse Tradisie

## K.G. OP LICHTENBURG

**Die binnetreding van sy tiende bestaansjaar is bewys dat die Ossewabrandwag gekom het om te bly, het die Kommandant-Generaal, dr. Hans van Rensburg, op 1 Augustus te Lichtenburg gesê by geleentheid van 'n vergadering onder voorsitterskap van genl. M. C. Eloff.**

**Die K.G. het beklemtoon dat die Ossewabrandwag as nie-partypolitieke organisasie die enigste georganiseerde draer van die republikeinse gedagte is wat sy koers konsekwent kan hou.**

Die K.G. het in sy toespraak daarop gewys dat die O.B. op 8 Augustus sy tiende bestaansjaar binnetree en verklaar dat dit 'n bewys is dat die organisasie in die siel van 'n groot gedeelte van ons volk posgevat het, temeer omdat alle beskikbare magte wat denkbaar is, teen die organisasie gebruik was. **Dit kan derhalwe aangeneem word dat die O.B. gekom het om te bly.**

Vervolgens het die K.G. verklaar dat hoewel daar in ander organisasies ook republikeine is, en die O.B. daarvoor baie dankbaar is, die Ossewabrandwag gedurende die afgelope jare die draer van die republikeinse gedagte was en dit vandag nog is.

Met verwysing na die verkiesing het die K.G. verklaar dat volgens persberigte, die regering glo voornemens is om 'n sg. verkiesingsbom te los. Die O.B. het nie gedurende die oorlogsjare weggehardloop nie, en sal ook nie van hierdie „bom" af weghardloop nie.

VRAE

Na afsluiting van die vergadering is etlike vrae aan die K.G. gestel.

In die antwoorde het die K.G. beklemtoon dat die O.B. gedurende die afgelope jare die enigste georganiseerde draer van die republikeinse gedagte was, vandaar die grootskaalse internering van O.B.-lede.

**Dit is goed dat 'n volksorganisasie wat nie na stemme soek nie, bestaan om die republikeinse gedagte lewend te hou, terwyl die opposisie-party terwille van nie-republikeinse stemme genoodsaak is om republikanisme op die agtergrond te skuif. Dit is 'n begryplike rede en ons neem hulle dit nie kwalik nie.**

Op 'n vraag of die optrede van die O.B. die republikeinse gedagte verder gebring het, het die K.G. verklaar dat hoewel nie veel gedoen is nie, die O.B. die enigste organisasie is wat iets gedoen het. **Die K.G. het verder verduidelik dat die stryd van die O.B. gedurende die afgelope jare en die Noodhulpfonds 'n episode is wat behoort tot die republikeinse tradisie van ons volk.**

**Gevra wat die voortbestaan van die O.B. regverdig, het die K.G. geantwoord dat daar 12 goeie redes in die Sentrale Gevangenis van Pretoria is, maar ook nog die feit dat die O.B. die draer is van die republikeinse gedagte en die gedagte van beroepsverteenwoordiging om die huidige politieke struktuur te vervang.**

# Opposisie Juig Oor Krisis

**'n Beter voorbeeld van hoe volksvraagstukke deur politieke partye uitgebuit word vir eie voordeel, kan beswaarlik bedink word as dié wat Engeland tans bied.**

**Ondanks Engeland op die rand van 'n afgrond verkeer weens sy ekonomiese krisis, vind ons die volgende berig in 'n Engelse weekblad, afkomstig van sy korrespondent in Londen:**

**„Die Tories (Churchill se party) juig oor die land se probleme en hoop op die ondersteuning van hul Amerikaanse vriende vir die verkryging van 'n nuwe koalisie as prys vir Amerikaanse dollars."**

Onder die partystelsel, waarmee ook Suid-Afrika terdeë kennis gemaak het, is dit in belang van enige opposisie as die regering deur vraagstukke oorweldig word, want dan kry hy weer 'n kans om in die groen kussings te kom. Hoe groter die vraagstukke dus, hoe groter die geleentheid om propaganda by 'n verkiesing te maak. **Vraagstukke bring stemme; daarom bly hulle liefs onopgelos — net soos sekere boere in Kaapland weier om jakkalse dood te maak omdat hulle vir die klein jakkalsies se sterte geldelike vergoeding kry.**

# Minder Vryheid en Kos Dog Volop Tyd en Tabak

**Ingrypende maatreëls wat die demokratiese vryheid, waarvoor die oorlog o.a. gevoer is, drasties inkort, is verlede week deur die eerste minister van Brittanje, Clement Attlee, aangekondig toe hy 'n oorsig van die Britse ekonomiese krisis gegee het.**

**Mense sal deur die staat verplig kan word om te werk waar hul kragte die meeste nodig is, en werkgewers is gewaarsku dat die regering nie sal aarsel om die strengste stappe te doen teen ondernemings wat nie inval met die staat se beheerplan nie.**

**Attlee het met verwysing na die oorsake van die krisis daarop gewys dat die nywerheidsontwikkeling in die buiteland vir Engeland 'n harde klap was, dat die oorlog sy uitgawes omhoog geslinger het en dat sy uitvoer as gevolg van die oorlog met twee-derdes gekrimp het.** Die steenkoolproduksie is ook benede die vereiste peil, o.a. weens die feit dat sommige werkers nie hul verpligtings nakom nie. Dan kom nog die feit dat „die herstel van Europa baie stadiger is as wat gehoop is."

Volgens die syfers van die eerste ses maande van hierdie jaar oortref Engeland se uitgawes sy inkomste met £700,000,000 per jaar met die gevolg dat die Amerikaanse lening wat tot 1950 moes gehou het, reeds voor die einde van hierdie jaar gedaan sal wees.

PLANNE

Die planne wat aan die hand gedoen word is groter produksie in die kolonies, 'n halfuur per dag langer arbeid in die steenkoolmyne sonder prysgewing van die vyf-dae werkweek, en 'n algemene verhoging van die Britse uitvoerproduksie, veral staal. Verder sal die landbou ontwikkel word om 20 persent meer te produseer vir binnelandse verbruik, en daarvoor sal jong mense aangemoedig word om op plase te gaan werk.

**'n Streng beheer oor arbeid word ingestel sodat noodsaaklike produksie die nodige werkkrag sal hê, en mense sal van een werkkring na 'n ander oorgeplaas kan word as dit nodig is.** Die leër sal met 420,000 verminder word.

KWESSIE VAN URE

Origens sal 'n aantal besnoeiings in invoere toegepas word wat vir die Britte pynlik sal wees, dog sonder om veel meer as 'n paar dae by die lewe van hul land te voeg. £4,000,000 minder sal aan petrol bestee word — 'n verlenging van 16 uur van Brittanje se lewe, indien die tempo van Julie se leningverbruik (£750,000,000) as maatstaf geneem word. £5,000,000 minder weelde en £10,000,000 minder hout sal ingevoer word, terwyl die voedselinvoer uit dollarlande met £12,000,000 per maand besnoei sal word.

VOLOP TABAK

**Geen vermindering in die invoer van tabak is egter aangekondig nie, ondanks daar verlede jaar £369,000,000 se tabak uit Amerika ingevoer is. Blykbaar moet die Britse werker genoeg rookgoed hê vir die sesde dag wat hy leeglê.**

Attlee het verwys na die hulp wat die dominiums gaan lewer, en o.a. ook Suid-Afrika se naam genoem — vermoedelik kredietverskaffing vir die aankoop van vrugte en groente, waaroor tans onderhandel word.

Aan die Britse volk het Attlee, na Sapa-Reuter berig, Sondagaand oor die draadloos 'n sombere waarskuwing gerig waarin hulle aangespoor word „om te werk of onder te gaan."

Attlee se aankondiging het uiteenlopende misnoeë in breë kringe teweeggebring sodat daar selfs gedugte teenstand in sy eie party berig word. Daar is allerweë sprake dat sy regering kan val as gevolg van die krisis, wat hy self beskryf as die grootste wat Brittanje in sy lang geskiedenis nog ooit beleef het.

## Berei Voor



**In die teken van die mislukte sesjarige wêreldoorlog wat veral ook ten doel gehad het die verkryging van ewigdurende vrede, is hierdie oorlogsraad van Frankryk wat kort gelede vir die eerstemaal sedert 1938 vergader het om o.a. verpligte militêre diens in te stel — nog voordat die afgelope oorlog formeel beëindig is.**

# Die Siekste Dra Die Sieke

**Selfs Duitse films word nou ingespan om geld vir Engeland te verdien waarmee hy sy skuld kan betaal.**

Tydens die Olimpiese Spele het die Duitsers 'n filmopname van die gebeure gemaak. Met die uitbreek van die oorlog was die film in Nu-Zeeland, waar dit in Wellington vertoon is. Omdat dit Duitse eiendom was, het die Nu-Zeelandse regering dit gekonfiskeer.

Die film sal nou opnuut in Nu-Zeeland vertoon word, en die verwagte £20,000 of £30,000 wat dit sal oplewer, sal dan aan Engeland geskenk word om sy ellende te verlig.

# Teruggawe Van Gewere

Diegene wie se gewere tydens die oorlog sonder betaling opgekommandeer is, het nog tyd tot 30 September om aansoek te doen om hul gewere terug te kry. Aansoeke moet gerig word aan die Adjunk-kwartiermeester generaal (tegnies), Groothoofkwartier, Potgieterstraat, Pretoria.

# Kinder-Ensiklopedie Gegrond op Bybel In Wording

**Omdat daar lankal 'n dringende behoefte gevoel word aan 'n ensiklopedie wat, in volle ooreenstemming met die Bybelse waarhede, as kennisbron kan dien vir die Afrikaanse kind, het die Federasie van Calvinistiese Studente-verenigings besluit om 'n kinderensiklopedie uit te gee wat die tradisionele Christelik-Calvinistiese standpunt van die Afrikanerdom sal verteenwoordig. Met tien van die een-en-twintig boekdele is reeds 'n aanvang gemaak.**

Die werk sal al die terreine van die lewe dek en positiewe leiding aan die kind gee om agter alles die hand van die Skepper te sien. In teenstelling met die evolusionistiese wetenskap wat die samestelling van die heelal as blote natuurkragte aan die kind voorhou, sal hy in hierdie werk kennis maak met die wetmatigheid van die skepping soos deur God vasgelê.

Die redaksie van die ensiklopedie bestaan uit prof. dr. H. G. Stoker as voorsitter met dr. H. J. Bingle, onder-voorsitter, en mnr. B. C. Schutte as sekretaris, tesame met vyf ander bekende geleerdes.

ADVISEURS

In Transvaal is prof. dr. Chris. Coetzee, di. C. B. Brink, D. F. Erasmus en adv. G. F. de Vos Hugo as adviseurs benoem. In die Vrystaat dien dr. E. E. Greyling, dr. H. S. Pellisier en mej. T. Kestell in hierdie hoedanigheid. As Kaaplandse adviseur dien prof. dr. F. J. M. Potgieter.

Onder meer is die volgende boekdele reeds aangevoor: Die Menslike Siel in sy Aanbidding, Fisiese en Chemiese Natuur, Plante en Dierelewe, Kultuurgeskiedenis en Kuns, Bekende Mannefigure, Die Huisdogter en Handwerk, en Kunsvlyt vir die Dogter. Werke wat nog aangepak sal word gaan oor handel en ekonomie, die menslike liggaam, geskiedenis van die mensheid, ens.

Die medewerkers en redaksielede is almal uitgesproke Calviniste en die keuring en toelating van nuwe lede word so streng moontlik toegepas.

Die gedagte om 'n kinderensiklopedie van hierdie aard uit te gee, het oorspronklik by ds. J. D. Vorster, prof. dr. H. G. Stoker en dr. P. W. Vorster ontstaan nadat daar deur die Nederduits Gereformeerde sowel as die Gereformeerde Kerk ernstige kritiek uitgeoefen is op die ewolusionistiese standpunt wat in 'n Afrikaanse werk van dié aard beliggaam is.

## Komdt. Radloff Word Waggenl.

In die plek van waggenl. Dirk Eloff wat weens gesondheidsredes die taak nie meer langer kan behartig nie, is waghfkomdt. Leon Radloff as waggeneraal vir Gebied A aangestel.

Die eerste taak wat genl. Radloff sal aanpak is om die wag te reorganiseer.

## FONDSDAG

**GREYTON**
**Saterdagmiddag, 16 Aug.**
**IN STADSAAL.**

Basaar, Jukskei, Skyfskiet, en ook Aandete.

**MIDDELPLAAS**
**Saterdagmiddag, 23 Aug.**

**Sprekers: Hfgenl. Max Smuts en Genl. W. R. Laubscher.**

Alle Brandwagte en Vriende is welkom!

**BRING VOL BEURSIES SAAM**

## Gaan Onderwysers Haal In Engeland

**Die Transvaalse Provinsiale Raad het besluit om 100 onderwysers uit Engeland in te voer. Hierdie aankondiging is gedoen deur genl. J. J. Pienaar, Administrateur van die Transvaal.**

Dat hy baie haastig is om die Britte hier te kry om die jeug van Suid-Afrika in die beginsels van die Empire te onderlê, blyk uit die feit dat mnr. H. Kreft, Direkteur van Onderwys in Transvaal, eersdaags na Brittanje vlieg om die onderwysers te werf en hulle so bietjie in te lig. Hy sal deur 'n tegniese deskundige bygestaan word.

## KOMMANDO OMGEKRAP NA KRUITHORING-AANVAL

WILGENHOUTSDRIF (oor Upington). — Op 28 Julie het die kommando's A17a3 en a8 gesellig byeengekom aan die huis van waghfkomdt. E. A. Nel, Wilgenhoutsdrif, met die doel om sake te bespreek vir 8 Augustus. Hoofkomdt. J. Struwig was ook teenwoordig. **Hy sou gepraat het oor die noodsaaklikheid van samewerking, maar aangesien Die Kruithoring so beledigend en bitsig teen die O.B.-lede uitgevaar het, was die lede taamlik omgekrap en het die spreker hom toe maar bepaal by die vryheidstryd van ons voorgeslagte waarby die Ossewabrandwag aansluit.**

Ter inligting van die „reuse-H.N.P. en sterwende O.B.," soos eersgenoemde dit uitdruk, kan die volgende syfers van sterkte vir die gebied tussen Witspruit en Karosdam, 'n afstand van 15 myl, verstrek word: daar is 58 O.B.-huisgesinne, 59 H.N.P.-gesinne en 37 Sap-gesinne. Dalk sal hierdie syfers sommige tot nadenke stem.

Met verversings op die vergadering het die vroue die O.B.-kas met £2-12-6 gesterk, terwyl 'n silwerkollekte 17s. 6d. ingebring het vir die Kameradefonds en 6s. 9d. vir die Noodhulpfonds.

**In antwoord op genl. Cronje se oproep het 'n paar Boerekleingoed, Johanna, Christina, Jacobus en Willem Nel, die bedrag van £3 bygedra tot die Noodhulpfonds.** — (Korr.)

## Boer Se Vernuf

'n Boer van Viljoenskroon het 'n masjien uitgevind om grondboontjies mee uit te dop. Hy het sommige dele van 'n mieliemasjien gebruik. Die masjien is nie alleen in staat om die peule uit te dop nie, maar klassifiseer ook die pitte. Dit geniet tans die aandag van die Departement van Landbou.

## Lemoene Per Gewig Weens Oneerlikheid

Die Sitrusraad ondervind soveel moeilikheid met oneerlike handelaars wat tweede graad lemoene as eerste graad lemoene verkoop, dat dit oorweeg word om lemoene by die gewig te verkoop, na amptenare van die Sitrusraad Die O.B. meegedeel het.

Die publiek word gedurig bedrieg deur venters wat lemoene wat as groot geklassifiseer is vir die prys van ekstra groot verkoop en selfs gemengde lemoene as eerste graad verkoop, is verklaar.

Daar word beoog om 'n standaardgewig per sakkie of per dosyn vas te stel waarvolgens lemoene verkoop sal word. 'n Sakkie sal ongeveer 28 pond weeg.

Pere word reeds per gewig verkoop en dit word as 'n groot sukses beskou omdat dit oneerlike handelaars fnuik.

## 'N DAAD

**Nieteenstaande hul inkomste maar baie beperk is, en mev. Wilken vir die afgelope 25—30 jaar 'n invalide is, het mnr. M. J. Wilken van Heilbron namens hom en sy eggenote £1 aan die Noodhulpfonds oorhandig met die versoek dat dit aangewend moet word waar die nood die hoogste is. Mnr. Wilken is reeds 78 jaar oud en is 'n ywerige lid van die Ossewabrandwag. — (Meegedeel).**

## Belasting Op Weelde

Die Administrateur van Kaapland, mnr. J. G. Carinus, het verlede week aangekondig dat die heffing van belasting op weelde oorweeg word. Dit is voorgestel dat diegene wat wyn, juwele, motors, radiotoestelle, reukwater, ens. koop, 'n koopbelasting daarop moet betaal.

Of al hierdie artikels wat die provinsiale owerhede as weeldeartikels bestempel, dit wel is, is nog nie 'n uitgemaakte saak nie. Is 'n motor in die jaar 1947 nog 'n weelde-artikel?

## Britse Troepe Moet Trap

„Ons versoek u om die verwydering van alle Britse troepe uit die Nylvallei, die Soedan en ander Egiptiese gebiede te gelas." het Nokrasja Pasha aan die Veiligheidsraad gesê toe hy die liggaam verlede week toegespreek het oor die onvoorwaardelike terugtrekking van vreemde troepe uit Egipte.

DIE SKIEREILANDSE GENERAALSKAPPE VIER

# Ossewabrandwagdag

op

**MAANDAG, 18 AUGUSTUS, 1947 om 8 n.m.**

**in die**

**HOFMEYRSAAL, KAAPSTAD.**

**SPREKERS:—**

**GENLE. ERIKA THERON**
**GEBIEDS-HFGENL. F. D. DU TOIT VAN ZYL**
**HOOFGENERAAL P. D. ROUSSEAU**
**GENERAAL J. DE VOS**
**GENERAAL G. RETIEF**

**Die Kommando's en Jeugveldkornetskappe sal hul bydraes stort!**

**Die Ossewabrandwag-orkes sal optree!!**

**Die Gees van die Ossewatrek leef voort!!!**




**WEES BESKERM!**
**INBRAAK-Assuransie by—**
**SANTAM**
**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.**
Takke dwarsdeur die Unie.

**WATERMANS VULPENNE**

***is nog altyd die beste en veiligste Vulpenne — Verskillende Modelle***

**TAPERITE**

**Vier verskillende modelle met halfbedekte punt. In swart, blou, vaal en rooi.**

| | |
|---|---|
| No. 517, met aluminiumdop | 40/- |
| No. 877, met half goue dop | 63/- |
| No. 1007, met silwerdop | 80/- |
| No. 1357, met goue dop | 92/6 |

***DIE BESTE PEN: KOOP LIEWERS 'N TAPERITE***

**Ander Modelle**

**Vyf verskillende modelle, in swart en drie kleure.**

| | |
|---|---|
| No. 302, chroombeslag | 23/6 |
| No. 352, goue beslag | 27/6 |
| No. 515, goue beslag | 40/- |
| No. 555, goue beslag | 42/- |
| No. 875, goue beslag | 63/- |

*Meld Medium of Dun Punt.*

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**

**POSBUS 29 STELLENBOSCH**

„DIE O.B.," WOENSDAG, 13 AUGUSTUS 1947

# STOF TOT NADENKE VIR MNR. ATTLEE

In sy krisistoespraak het Attlee, Britse eerste minister, Brittanje se ellende toegeskryf aan die feit dat toe almal òf verslaan òf eenkant gestaan het, die Birtse Ryk „alleen gestaan het ter verdediging van die vryheid en die beskawing." Hierdie voorstelling is natuurlik bedoel as 'n stille verwyt aan die res van die wêreld wat destyds buite die oorlog gestaan het, en 'n wenk aan hulle dat daar 'n verpligting op hulle rus om die hulp wat toe agterweë gebly het, nou te laat opdaag.

Ons sal die heer Attlee graag daaraan wil herinner dat Brittanje nie die res van die wêreld geraadpleeg het toe hy ewe onbesonne 'n waarborg aan Pole gegee het om grootmeneer te speel oor Duitse grondgebied nie, en ook nie toe hy op 3 September ewe manhaftig oorlog verklaar het nie. **Aangesien die res van die wêreld Brittanje nie 'n soortgelyke waarborg gegee het as hy aan Pole nie, kan ons nie sien hoe hy die ander kan verwyt wat hom alleen die oorlog laat voer het wat hy op eie houtjie verklaar het nie.**

**WATTER EEN?**

Maar Attlee se beroep het nog minder grond wanneer hy wil voorgee dat Brittanje sy eensame oorlog vir „vryheid en die beskawing" gevoer het. Daar was so baie soorte vryhede tydens die oorlog — toe selfs die kommunstiese diktatuur as 'n demokratiese vryheid voorgehou is — dat mens nie weet watter soort vryheid nou juis bedreig was nie. **Dit mag moontlik wees dat Brittanje die vryheid van sy handelsmonopolie in die wêreld as bedreigd beskou het deur die herstelde Duitse ekonomie — waarvoor dr. Schacht in Neurenberg verantwoording moes doen — en wat dus eintlik deur die oorlog platgeslaan moes word. Maar dan is Attlee se beklaging van die feit dat Europa se herstel „veel langsamer is as wat verwag is" genoegsame lof vir die res van die wêreld se aanvanklike wysheid om geen deel aan so 'n selfvernietigende kortsigtigheid te hê nie.**

Maar dit mag ook wees dat die heer Attlee die veel geprese vryheid van die individu in gedagte gehad het. **Indien so, sal hy wel genoeg tyd hê in die volgende jare van „opoffering van individuele vryheid" in Brittanje om na te dink aan 'n ander plan wat Duitsland kon gevolg het om op te staan uit 'n nog erger ekonomiese krisis as wat Brittanje vandag in verkeer — erger omdat Duitsland toe sonder vriende gesit het en sonder kolonies en sonder 'n „Commonwealth" wat „groothartige hulp" kon verleen.** Al wat hy gehad het was die boikot van die res van die wêreld tot so 'n mate dat in Suid-Afrika Britse tenders aangeneem is wat tot driemaal duurder as Duitse tenders was. Daarom sê ons die heer Attlee sal wel genoeg tyd hê — of miskien sal hy nie — om dit te oorweeg of daar vir Duitsland 'n aanneemliker plan was om op te staan uit die puin van Versailles as dié wat Hitler gevolg het voor die oorlog.

**BARBARISME**

Maar volgens Attlee het Brittanje ook vir behoud van die beskawing geveg. Dat hy op hierdie late uur nog met sulke propaganda-afval kom, terwyl selfs Pole, om wie se deel aan die „beskawing" dit eintlik gegaan het, dit nie eens durf waag om saam te kom aansit by 'n konferensie vir die heropbou van die Westerse beskawing nie, sal 'n mens maar moet toeskryf aan die feit dat die Britse eerste minister vir die huidige nie veel tyd het om na te dink nie. Ons is bereid om hom die krediet te gee dat hy miskien eerlik kon geglo het dat die Duitse nasionaal-sosialisme 'n gevaar vir die beskawing was. **Maar waar hy hierdie „gevaar" laat vervang het deur die Bolsjewistiese barbarisme van Oos-Europa, sou mens darem verwag dat hy soveel oog vir die werklikheid het dat hy dit nie as 'n eensame prestasie van Britse oorlogsvoering sal wil opdiep as grond vir hulpverskaffing aan Brittanje nie.**

Ons noem hierdie dinge nie uit lus vir leedvermaak nie. Maar as Brittanje middels bedink om homself te red en daarmee moontlik ook die wêreld — soos voorgegee word — dan is dit hoog tyd dat die verlede in eerlike oënskou geneem moet word. **En dan sal daar miskien baie gou besef word dat vrede en ewewig net in die nastrewing van regverdigheid verkry kan word. En dat regverdigheid by Versailles net so ontbreek het soos by Potsdam, behoort vir die Britse eerste minister teen hierdie tyd duidelik te wees — indien nie, lê daar vir hom en sy land nog 'n swaar opdraand — of 'n steil afgrond — voor.**

# 'N GEKKEHUIS

Geen sobere mens wat kennis dra van die elementêre ekonomiese beginsel dat dit nadelig is vir 'n land om meer in te voer as wat hy uitvoer, sal vir 'n enkele oomblik kan glo dat die Britte dit sal toejuig as Engeland meer van Amerika invoer as wat hy na daardie land toe uitvoer nie. **Trouens, dit is juis so 'n posisie wat die Britte tans in 'n krisis laat beland het.**

Net so min sal geen Amerikaner juig as sy land meer moet invoer van 'n bepaalde land as wat hy daarheen uitvoer nie.

En niemand in Suid-Afrika sal die feit toejuig dat Suid-Afrika vir £22 miljoen meer van die Verenigde State af invoer as wat hy na daardie land uitvoer nie.

**Maar as Suid-Afrika vir £35 miljoen meer van Engeland koop as wat Brittanje van ons koop, dan is dit 'n deug wat nie net aangeprys maar selfs aangemoedig moet word. Skaars het Attlee sy krisistoespraak beëindig, of die Engelse pers hier kom met syfers voor die dag om te wys hoe flink Suid-Afrika Brittanje te hulp kom met 'n pragtige nadelige handelsbalans van £35 miljoen!**

Waarom hierdie uitsondering? Waarom is 'n ding wat ten opsigte van alle lande verkeerd is, skielik 'n deug as dit op Engeland sien en nie op Amerika nie?

Die antwoord is natuurlik die ou Empire-geprewel dat Engeland ons beskerm. Afgesien van die feit dat Engeland tans 'n beroep

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

op sy dominiums en kolonies doen om hul ou moederland te beskerm teen die gevolge van sy eie oorlog, is daar vandag net een bedreiging vir Suid-Afrika van buite, en dit is Sowjet-Rusland, **teen wie Engeland, ná die vernietiging van Duitsland, vandag magteloser staan as die Unie met sy verwyderde afstand. Selfs Engeland is teenoor hierdie gevaar van Amerika — en Suid-Afrika! — afhanklik vir beskerming.**

Maar in Suid-Afrika juig 'n deel van die pers desnieteenstaande nog as ons land 'n nadelige handelsbalans met Brittanje toon, en word Suid-Afrika aangespoor „om sy invoer van die Verenigde Koninkryk op die hoogs-moontlike peil te handhaaf."

**So iets spreek net van een ding, en dit is groter lojaliteit teenoor 'n buitelandse staat as jou eie. En in alle ander lande word so 'n verskynsel as verraad veroordeel.**

Dog in 'n omgekeerde orde waar nadelige handelsbalanse vir 'n land 'n deug is, is dit natuurlik heeltemal logies dat dislojaliteit ook 'n deug moet wees. **Maar dan is Suid-Afrika die wêreld se gekkehuis.**

**AFRIKANERPARTY**
**(Kaapse Tak)**
**Voorsitter: Adv. J. de Vos.**
● Alle besonderhede omtrent die pasgestigte tak van die Afrikanerparty asook intekenvorms is nou verkrygbaar by
**DIE SEKRETARIS,**
**Hoofweg 109, MOWBRAY.**

## Buitelandse Oorsig

# TROOSTELOSE WÊRELD-TOESTANDE

**Volgens kardinaal Spellman, aartsbiskop van New York, sou alleen die gebed die wêreld van 'n volgende oorlog kan red. „Ons weet dat daar geen vrede bestaan nie en dat niks waarvoor ons geveg het, goeie gevolge gehad het nie. Die volke van die wêreld berei hulself in die geheim voor op 'n oorlog — 'n uitroeiingsoorlog. Die wêreld staan voor die grootste krisis in die geskiedenis van die beskawing" het die kardinaal gesê.**

*Deur Dr. J. A. Wiid*

Hierdie woorde van kardinaal Spellman is nie 'n emosionele uitbarsting van 'n emosionele geestelike nie. Hulle is noodgeroepe in 'n wêreldkrisis. Hulle herinner aan die woorde van die Franse premier op die vooraand van sy land se militêre ineenstorting in 1940. „Alleen 'n wonderwerk kan Frankryk nog red en ek glo in wonderwerke," het die Fransman destyds gesê. Hierdie woorde van Spellman herinner ook aan die woorde van Churchill toe hy in die donker dae van die oorlog alleen „bloed, trane en sweet" vir sy volk in die vooruitsig kon stel. Daar bestaan egter groot verskil tussen die noodgeroep van die Amerikaanse geestelike en dié van die Britse en Franse premiers: laasgenoemdes se noodkrete het in die teken van ernstige militêre nederlae gestaan terwyl eersgenoemde se noodbede in die teken van 'n volmaakte oorwinningsvrede staan. Maar Spellman sê: „Ons weet dat daar geen vrede bestaan nie en dat niks waarvoor ons geveg het, goeie gevolge gehad het nie."

Die mensdom het vandag egter nie die jeremiades van 'n Spellman, 'n Churchill of 'n Smuts nodig om aan die aakligheid van heersende wêreldtoestande herinner te word nie. Ons eie premier het reeds aan drie vredeskonferensies deelgeneem en nog altyd het hy as 'n teleurgestelde man van hierdie konferensies teruggekeer. Oorsese nuusberigte oor na-oorlogse wêreldtoestande, oor internasionale sowel as oor nasionale verhoudinge is van so 'n deprimerende troostelose aard dat denkende mense in die afgesonderde afgeslotenheid van die Afrikaanse oerwoud meer ligstrale, meer wat hoopvol en inspirerend is, sal vind, as in die wêreldnuus wat daagliks oor die radio en deur die nuusblaaie verstrek word. Die troosteloosheid van die huidige wêreld is des te aangrypender as ons dink aan die paradysagtige wêreld met sy Atlantiese Handves en al sy baie vryhede wat die oorlogspropaganda nog slegs enkele jare gelede vir 'n geteisterde mensheid in die vooruitsig gestel het.

MENSDOM IN TWEE KAMPE VERDEELD

Wat die toekoms so donker en gevaarvol maak, is die feit dat die wêreld en die mensdom vandag meer as ooit tevore in twee kampe verdeeld is. Hierdie verdeeldheid bestaan nie, soos na andere oorloë in die verlede, tussen oorwinnaars en oorwonnenes nie maar tussen die oorwinnaars, dit wil sê die bondgenote van gister. Die Russiese ystergordyn wat vanaf Stettin, die Duitse hawestad aan die Oossee, oor Berlyn, Weenen tot aan die Adriatiese See reik, het die nuwe skeidsmuur tussen die Russiese wêreld en die Angel-Saksiese wêreld geword. 'n Blik op die kaart van Europa behoort dit vir elkeen duidelik te maak watter belangrike state vandag binne die Russiese invloedsfeer val en hoe geweldig die mag van Moskou na die Weste uitgebrei het. En nie alleen in Europa nie maar ook in Asië het Moskou sy ystergordyne en sy magsuitbreidings.

Die Russiese ystergordyne het sinnebeeldig geword van die groot verdeeldheid waaraan die na-oorlogse wêreld mank gaan en wat so onheilspellend vir die toekoms is. Natuurlik is hierdie ystergordyne nie absolute grense nie. Aan die Russiese kant van die gordyn sal daar sonder twyfel diegene wees wat geen aanhangers van die Bolsjewistiese ideologie is nie. Vir die teenswoordige het Moskou egter daarvoor gesorg dat hulle swygsaam en onskadelik is. Ook aan die ander kant van die gordyn is daar miljoene wat nie in Washington en Londen nie, maar in Moskou hul inspirasie en steun soek en vind. Hulle is egter nie swygsaam en onskadelik nie en vorm in die nie-Russiese wêreld 'n vyfde kolon wat vir Moskou veel waarde het.

DIE HENRY WALLACES

Dit is egter nie alleen die oortuigde kommuniste in die nie-Russiese wêreld wat die skeidslyn tussen Moskou en sy satelliete aan die een kant en Washington en sy satelliete aan die ander kant vervaag nie, maar die miljoene Henry Wallaces in alle lande wat nie binne die Russiese invloedsfeer val nie. Hierdie Henry Wallaces wil 'n sogenaamde vrede teen elke prys handhaaf. By die geslag mense wat so-ewe die aakligheid van 'n wêreldoorlog ondervind het, het hierdie Henry Wallaces groot invloed. Hulle belemmer nie alleen besliste en kragdadige optrede teen Moskou nie, maar hulle sterk Stalin se hand en is in werklikheid sy waardevolste bondgenote.

FRUSTRASIE, DOOIE PUNTE EN CHAOS

Die gevolg van dit alles is dat frustrasie, en dooie punte die uitstaande kenmerke geword het van internasionale organe wat met die herstel van wêreldvrede en die weeropbou van verwoeste volke en lande te doen het. Ons het al gewoon geraak aan Russiese veto's, aan oor-en-weer beskuldigings, aan frustrasies en futiliteite wanneer die grotes vergader om oor die toekoms van die wêreld te beraadslaag en te beslis. Intussen vier hongersnood, ellende en wanhoop onder die oorwonnene volke hoogty en word chaotiese toestande in die hand gewerk. Sien die Kremlin in hierdie dreigende chaos en wanhoop die verwesenliking van sy wêreldrewolusie wat as 'n noodsaaklike voorwaarde vir die Bolsjewistiese oorwinning gestel word?

Die na-oorlogse wêreld is voorwaar somber en die toekoms bied weinig wat opwekkend is al word daar ook in die inherente herstel- en aanpassingsvermoë van enkelinge en volke geglo en al is daar enkelinge en groepe van mense wat hulle in 'n na-oorlogse skyn-welvaart kan verheug. Wat die toekoms veral so troosteloos maak, is die aaklige werklikheid dat die na-oorlogse wêreld in die skaduwee van uitdelgingsmoordtuie soos die atoom-bom staan. Geen natuurwetenskaplike van betekenis twyfel vandag aan die verskriklikheid van hierdie moordtuig en aan sy uitvinding en aanwending ook deur andere volke in die nabye toekoms nie. Geen wonder dus dat die mensdom reeds krisisbevange is en dat allerhande snaakse dinge soos vlieënde pierings in die lug waargeneem word nie.

Die Amerikaanse kardinaal se sombere woorde is nie slegs ydele woorde nie. „Ons weet," het hy onlangs gesê, „dat daar geen vrede bestaan nie en dat niks waarvoor ons geveg het, goeie gevolge gehad het nie. Die volke van die wêreld berei hul self in die geheim voor op 'n oorlog — 'n uitroeiingsoorlog. Die wêreld staan voor die grootste krisis in die geskiedenis van die beskawing."

# Pakkies- En Speletjie-aand

**Die Boerejeug van Parow hou 'n pakkies- en speletjie-aand op Vrydagaand, 15 Augustus, aan huis van komdt. W. Geldenhuis, Wynnestraat 13, Parow. Die geld gaan vir O.B.-dag.**

**Daar sal verversings te koop aangebied word. Almal is hartlik welkom.**

*Oor Boeke*

# VERDELING VAN AFRIKA AS OPLOSSING VAN KLEURVRAAGSTUK

**Op die spoor van prof. G. Cronjé se boek, 'n Tuiste vir die Nageslag, waarin 'n beleid neergelê is waarmee ook die Ossewabrandwag hom in die breë vereenselwig, het nou 'n brosjure oor dieselfde onderwerp van die hand van adv. O. Pirow gevolg. Ook adv. Pirow stel hom onomwonde op die grondslag van volledige segregasie as voorwaarde vir die blanke voortbestaan, en gaan daartoe oor om bepaalde gebiede vir die nie-blankes aan te wys.**

Ons beoog 'n volledige skeiding tussen swart en wit deur middel van die stigting van aparte blanke en naturellestate. Die blanke geweste is reeds daar met regering en al. **Daar moet swart gebiede geskep word wat uiteindelik volle internasionale soewereiniteit en daarmee gelykheid met die blanke state kan bereik. Daar is geen ander redding nie, daar is geen ander antwoord nie.** Aldus adv. Pirow in sy brosjure „Die Witman se weg na Selfmoord."

Die brosjure wat uitgegee is deur die Nuwe Staat-Uitgewers-Publisiteits-Maatskappy (Posbus 1270, Pretoria) behandel die naturellevraagstuk, die oplossing van die Indiër-probleem en die koers wat ten opsigte van die kleurlinge ingeslaan moet word.

TWEE GEBIEDE

Adv. Pirow voer aan dat die natuur self twee gebiede bepaal het wat uiteindelik swart en wit sal wees. Die oplossing van die kleurvraagstuk raak nie net Suid-Afrika alleen nie, maar die hele Afrika ten suide van die Sahara.

Die twee gebiede is ruweg afgebaken. Die blanke gebied sluit in die Unie, die twee Rhodesiese gebiede en die hoog geleë „Ruggraat" tot aan die kus van Abessinië. Die naturellegebied sluit die Weskus en Midde-Afrika in, sowel as die grootste gedeelte van die Belgiese Kongo en Angola. Hierby kom nog 'n reeks blanke gebiede wat aan naturelle oorgedra moet word.

Die onwrikbare beginsel dat geen blanke permanent in naturellegebiede toegelaat moet word, asook die omgekeerde, moet aanvaar word. Die oplossing moet geskied in medewerking met alle blanke gebiede in Afrika.

Adv. Pirow behandel voorts die besware wat van die kant van tradisionele Britse apostels sal kom en verklaar dat heroisme nodig is om die taak uit te voer. Die beleid kom neer op die finale verdeling van Afrika.

DIE INDIËR

Na aanleiding van die oplossing van die Indiër-vraagstuk, word baie duidelik verklaar dat asgevolg van die mentaliteit van die Indiër daar nooit en nimmer 'n oplossing gevind kan word nie, **behalwe die totale verwydering uit die Unie van elke Indiese man, vrou en kind. Adv. Pirow kom tot die gevolgtrekking dat Oos en Wes mekaar nooit sal ontmoet nie.**

Die kleurlinge moet as 'n selfstandige volksdeel behandel word en in 'n eie gebied tot selfregering opgelei word. Hul deugde moet aangemoedig word. Adv. Pirow voorsien 'n lang tydperk van voogdyskap oor hierdie deel van die bevolking. Dit is verkieslik om hulle in 'n streek van Van Rhynsdorp af in die suide tot by Keetmanshoop in die noorde te vestig. Die Oranjerivier en Aughrabiese-waterval sal hulle van krag en water voorsien.

# Parlementslid Skuldig Aan Koukus-Verraad

Tot watter mate die verderflike koukus-instelling van die parlementarisme onder die partypolitieke stelsel geëerbiedig word, blyk uit die geval waar 'n Britse parlementslid, Evelyn Walkden, verlede week deur 'n komitee van die Britse laerhuis „skuldig" bevind is aan verklapping van koukusgeheime aan 'n koerant.

# Die Neger In Die V.S.A.

(SLOT)

*Deur dr. Erika Theron*

ONDERWYS

**Om onderwys te gee is die vernaamste Neger professie. Maar dis gewoonlik beperk tot Neger-skole of skole waar die meeste kinders Negers is. Gevalle waar Negers onderwys gee in 'n uit en uit blanke skool is die uitsondering, maar dit kom wel voor.**

Aan die ander kant is daar in die mediese professie baie min Negers. In 1940 was daar net 4000. **Die Negers vind dit moeilik om toegelaat te word tot blanke mediese skole en net 'n paar hospitale laat Negers toe op gelyke basis as die blanke geneeskundige.**

GELEENTHEDE

Gedurende die afgelope oorlog is meer geleenthede geskep en meer deure geopen vir die Neger. Baie Negers het geskoolde werk gekry in fabrieke waar hulle voorheen uitgesluit is en die Federale Regering het pogings aangewend om deur middel van die „Fair Employment Practice Committee" diskriminasie te beveg. Ook in professies en klerikale werk het hulle taamlik hulle posisie verbeter.

**In hoeverre die Neger hierdie „verowerde veld" sal behou in die na-oorlogse jare sal ons nog moet sien. Die Negers is nie baie optimisties nie** en besef dat hulle moet waaksaam wees om te behou wat hulle het. In Oktober van verlede jaar het ek in 'n Neger-gemeenskapshuis in Chicago 'n bespreking bygewoon wat gelei is deur 'n bekende Neger sosioloog wat professor is aan een van die Universiteite in daardie stad. In die bespreking is toe ook onder andere een geval na die ander opgenoem waar hulle al weer besig is om hulle verowerde stellings te verloor.

KLAGTE

Die Negers se groot klag is dat hulle reeds gekortwiek is op skool en dus swak toegerus is vir die toekoms. In 17 van die 48 state vereis die wet dit dat die Neger-kinders na aparte skole moet gaan en in sommige van die ander state is daar ook aparte skole. In meeste gevalle is die Negerskole swakker toegerus as die blanke skole wat gebou, apparaat en die gehalte van die onderwysende personeel betref.

HOËR ONDERWYS

Op die gebied van die hoër onderwys verklaar die Negers dat hulle posisie nog swakker is. **Die „State Colleges" in die suidelike state laat geen Neger toe nie en soortgelyke inrigtings in die noorde sluit hulle wel nie uit nie, maar hulle word gewoonlik nie te vriendelik behandel nie.** Verskeie van die groot private Universiteite soos Harvard, Chicago, Columbia in die noordelike state laat Negers toe maar meeste van die kleiner private Universiteite en kolleges laat òf geen negers toe nie òf net 'n beperkte getal. Ook selfs wat betref Columbia (die oudste en een van die grootste en beroemdste universiteite) is dit aan my deur studente meegedeel dat daar **'n vermoede bestaan dat net 'n beperkte getal Negers en Jode toegelaat word.** Offisieel word dit egter nie erken nie.

HUL EIE

**Die Negers het ook 'n groot aantal universiteite en kolleges van hul eie.** Die opvoedingsgeleenthede by meeste van die plekke is van 'n minderwaardige gehalte. **Maar tog dink ek dat die bewering van die hoof van een van ons universiteitskolleges in Suid-Afrika — in sy pleidooi teen aparte nie-blanke universiteite in ons land — dat al die Neger universiteite van so 'n swak gehalte is nie korrek is nie.** Daar is 'n aantal Neger universiteite soos bv. Fisk in Nashville, Howard in Washington D.C. en Atlanta in Georgia wat reeds bekendheid verwerf het en werk lewer van 'n hoë standaard. Hierdie universiteite is ook toegelaat as lede van bekende universiteits-organisasies en om hierdie lidmaatskap te verwerf moet die betrokke universiteite aan hoë eise voldoen.

# Dubbel So Vinnig Om Wêreld

'n Amerikaanse lugkaptein, W. Odom, het die rekord vir 'n alleenvlug om die wêreld met meer as die helfte verkort toe hy Sondagaand in Chicago aangeland het na 'n vlug van 73 uur en 6 minute. Die vorige rekord was 186 uur en 50 minute. Odom was baie uitgeput, daar hy feitlik geen slaap in die tyd gehad het nie.


*In die stad ROND met Ronde Kommando*




By die Bioskoop 'n koel sagte sigaret — Ronde Kommando maak al hoe meer vriende „oral in die land rond."

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE
Die alombekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

| PRYSLYS | Per bottel in kassies van 12 bottels | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| WYNE: | | |
| Ou Port | 2/9 | — |
| Inwalide Port | 3/3 | — |
| Spesiaal Soet | 2/9 | 12/6 |
| Wit en Rooi Jeripiko | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Malmsey | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Muskadel | 1/11 | 9/6 |
| Soet Port | 1/11 | 9/6 |
| Port, Pontak, Worcester Hock | 1/10 | 9/- |
| Spesiale Sjerrie (Soeterig) | 1/10 | 9/- |
| Goudkleurige Sjerrie | 1/9 | 8/6 |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/6 | — |
| „Cocktail" | 4/3 | — |
| Vermouth (Droog of Soet) | 3/- | — |
| Swartberg Sjerrie | 2/9 | — |
| DROË WYNE: | | |
| Boergonje (Rooi) | 2/- | — |
| Riesling (Droë Wit) | 1/9 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling vaatjies. |
|---|---|---|
| VONKELWYNE: | | |
| Grand Spumante (Soeterig) | 10/3 | — |
| Grande Splendore (Droog) | 7/9 | — |
| Vonkel Boergonje | 8/9 | — |
| BRANDEWYN: | | |
| Aurora V.S.Q. (Die allerbeste) | 10/- | — |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.1. | 8/- | — |
| Royal | 8/6 | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| LIKEUR: | | |
| Peperment, Perske, Appelkoos, Piesang | 7/- | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| JENEWER (GIN): | | |
| Droë, Lemoen, Suurlemoen | 7/6 | — |

VERKOOPSVOORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die leë goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.
POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkel plasings (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasings (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasings: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasings tot kansellasie, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

## HUWELIK

**Vir Partytjies,** resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner-Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENTSKAP, Henneman (Eienaars Alberts en Greeff). Foon 43, Telegramme ‚Weta.' 16/4/TK

## BENODIG

**BLANKE DAME** vir hulp in huis en om twee seuntjies (3 en 5 jaar) op te pas. Meld salaris verlang en ouderdom. Skryf aan POSBUS 1411, KAAPSTAD.

**JONG SEUN** as hulp op saaiplaas. Moet belang stel in trekkers. Voorkeur aan iemand wat een of ander musiekinstrument speel. Vry inwoning en deel van opbrengs. Skryf aan: P. KAPP, Esbohweni, P.K. VREDE. 6/8/2B

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARTAPPELMOERE.** — Arran Chief en King George, 32/6 per sak van 150 lb.; 22/6 per krat van 100 lb. V.O.S. George. K.M.B. — H. D. METELERKAMP, Bus 47, GEORGE. 23/7/6B

**AARTAPPELS.** — 50 sak egte eerste na ingevoerde Irish Cobbler-aartappels. Eiergrootte en 'n ietsie oor dit. Goeie kwaliteit, 30/- per 150 lb. P.M.D. Grootkop. — J. FERREIRA, Sina Gertruida, FICKSBURG, O.V.S. 6/8/6B

**AARTAPPELMOERE.** — Geskik vir planting, Arran Chief en Up-to-date. Gekweek van gesertifiseerde moere, tweede plant na ingevoerde. 1½ tot 5 onse, 25/-, ¾ tot 1½ onse, 17/6 per 153 lb. V.O.S. K.M.B. Sakke terug. — F. H. ROBERTSON, Kleinfontein, Pos Sinsabrug, GEORGE. 13/8/2B

**BESTE GESERTIFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarslaai 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6, Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-. Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.** 11/12/Tk

**HEROLDT** se nuwe Afrikaanse geillustreerde **Tuin- en Saadgids** is nou gereed. Dit bevat 'n volledige lys van die wêreld se beste groente- en blomsaad. Bevat sensasiewekkende nuwe soorte en is gratis op aanvraag. — HEROLDT SE SAAD-DEPARTEMENT, Posbus 660, JOHANNESBURG. A/18/6/1X14/TK

**PRAGTIGE,** gesonde en vars graad I teen 20/- per 150 lb. Eier-grootte Saadaartappels, tweede na ingevoerde. Skotse Up-to-date 25/- per 150 lb. Almal v.o.s. Bethlehem in nuwe sakkies wat terug gestuur moet word. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 2/7/Tk.

**PATATRANKE.** — Sesmaande, 5/- vir 70 lb.; wit driemaande, 9/- vir 70 lb.; borrie, 10/- vir 70 lb. Borriesteggies, 7/- per 1,000. Gelewer op Serpentine. Patats teen 13/- per sak. K.M.B. — H. ROELOFSE, P/S SERPENTINE. 23/7/TK

**PATATRANKE.** — Sesmaande, 83 lb. vir 7/-; driemaande, 60 lb. vir 8/6; steggies, reg vir plant, 7/- per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. — B. H. GERBER, C. sn., P.K. Hoekwil, GEORGE. 23/7/TK

**PATATRANKSTEGGIES.** — Baie mooi en voorraad groot. Bestellings kan geplaas word tot 30 Sept. Soorte: 6 maande; 3 maande wit, en Borrie 8/- per 1000. — S. P. GERBER, P/s. Serpentine, Dist. George. 16/7/Tk.

Neem weg daardie eentonigheid van u werf — HEROLDT SE SIERBOME doen dit oornag. Vinnig-groeiende, vertakte, skaduryke **Deltoida-Populier** en regop-groeiende **Lombardy-Populier. Acer Negundu,** lowergroen blare, „koel" skadu, onskadelik vir klein tuin. Sierlike **Amerikaanse en Arizona Esbome,** almal 5 — 8 voet hoog, 2/-, 2/6, 3/6 en 4/6 elk. **Insignus-, Halepensis-,** en **Patula-Dennebome** in afsonderlike blikke, veilige verplanting, geharde **Franchetti** en **Cotoneaster,** sierlike doringlose Cotoneaster sierstruike, asook **Pyracantha** (Burning Bush), oranje bessies in winter, in blikke. Bogenoemde soorte 2 — 4 vt., 1/6, 2/-, 2/6 en 3/- elk. Pragtige **Treumoerbeibome,** 7 — 8 vt., 21/-, 25/- elk. **Palustrus „Pin" Eikebome,** 6 — 20 vt., 10/6, 17/6 en 25/- elk. Pragtige **Canariensis Tuinpalms,** 12/6, 50/- en 75/- elk. Kontant of deposito met bestelling. — HEROLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. B18/6/1X14/TK

# *Wat Elke Dame Behoort Te Weet!*

**DESKUNDIGE RAAD** vir diegene wat getroud is of op trou staan. Volledige kursus na ontvangs van Poswissel vir 10/6. Aan:

**DIE BURO VIR GESINSIELKUNDE,**

**Genevagebou 607, Parlementstraat 28, KAAPSTAD.**

Meld of u dit in Afrikaans of Engels wil hê.

**ROSE.** — „Koningin van Blomme," prag van u tuin. Ons kleurvolle deskundig gesorteerde versamelings oortref u verwagtings. „Kroon Juweel"-Versameling: 12 uitstaande soorte van glorieryke prag, 60/-, 6 teen 35/-. „Ultra Super"-Versameling — meesters vir sny en vertoning. 50/- per dosyn, 27/6 vir 6. „Super Uitdaag"-Versameling, 42/6 per dosyn. Almal plus 1/6 verpakking. **Hoogstamrose:** Stewige stamme, sterk „geënte" bloeiende krone, wêreld-beroemde rose, seker om die keur van u tuin te wees, insluitende rose soos Texas, Hoover, Sylvia, Vandal, Sterling, Talisman, Bouche, Golden Dawn, Olympia, ens. 2 vt. stamme 10/6 elk, 3—3½ vt. 15/6 en 17/6 elk plus 2/6 verpakking vir elke 12 plante. Kontant of deposito met bestelling. Duisende tevrede klante. Bestel sonder versuim, voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG. 30/7/TK

**VRUGTEBOME.** — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar ....die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

## GEMENG

**ELEKTRESO (Edms.) Bpk.** elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs, Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

**LOOIERY.** — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tuie, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

**H. J. STEYN,** De Villierstraat 17, VASCO, KAAP, verkoop en herstel horlosies en radios. Enigste agent en invoerder van VELOX-skeermeslemmetjies (Switserse). Foon 98-9292.

## KLEREMAKERS

**Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW.** 5605/52.

## MEUBELS

**BINNEVEERMATRASSE** van enige grootte beskikbaar. Airflex, Duros, Peerless, Lido en klapperhaar teen spesiale verlaagde pryse. Skryf om pryslys aan ELEKTRON KONTRAKTEURS, Keerömstraat 18, KAAPSTAD. Foon 25060. 23/7/TK

**MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.**

## RADIO

**LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.**

## PLUIMVEE

**DAGOUD-KUIKENS.** — Gesonde en lewendige R.I.R.- en W.L.-dagoud-kuikens. Slegs September- en Oktober-aflewering. Prys £6 per 100. B.W.D.-siektevry. — Mev. E. R. ADCOCK, Heuningnestkrantz, Posbus 1134, PRETORIA. 13/7/7B

## SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

**SOUT.** — Mevrou, u sukkel met growwe tafelsout! Bestel 'n sak fynsout 8/6 per 200 lb.-sak. Meneer, vir u vee is No. 2 die beste teen 49/- per ton. — S. J. VENTER, Oranje-soutwerke, P.K. Florisbad, BLOEMFONTEIN. 14/5/TK

**SOUT.** — Mooi beloftes help nie, dit troos net! Bestel waar u seker is van u geld vir A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/-, No. 3 44/- per ton. Bottersout 8/6 per 200 lb.-sak.— W. H. VENTER, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 14/5/TK

**SOUT.** — Vriende, ek lewer sout in sakke: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton. Tevredenheid gewaarborg. Onmiddellike versending. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 18/6/13B

## TE KOOP AANGEBIED

**BUFFET.** — Genl. de Wet se eerste buffet, 45 jaar in gebruik, nog stewig, in eersteklas toestand. Oorsprong gewaarborg. Navraag: J. P. COETZER, Mooiwater, Pos KOPJES, O.V.S. 6/8/2B

**MUILE.**—Veertien makgeleerde muile, 2½ — 5 jaar oud, 11 merries en 3 reuns. Prys £22/10/- stuk, gelewer in trok Paardebergstasie.—P. D. JACOBS, Wolwekraal, PAARDEBERG.

**TREKKER.** — **Massey-Harris** Junior 102 Trekker met 6 vt. Clipper Combine. In goeie werkende orde. Skryf aan: SCHÖNBORN, Blokzynkolk, Oor Brandvlei, K.P. 30/7/4B

**WINSKOPIES VIR BOERE.** — Sandskoene (nuwe en tweedehands) 10/- per streepsak; blikborde (nuwe) £2-10-0 per 100 of 9d. elk; kosbakke 1/6 elk; panne 1/6 elk; bandoliere 2/- elk. Skryf of kom na: T. J. MOSTERT, Tweedehandse Meubelhandelaars, Lady Greystraat 93, Paarl. 21/5/TK

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — **Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.**

## VERKOPING

**BUFFELFONTEIN** Geregistreerde en Hoë Produksie **Frieslandkudde** bied 5 uitstaande jong bulle aan op Roderick en Kie. se Bulvandisie te Bloemfontein op 24 September. Goeie konstitusie met baie melk en bottervet. — T. B. JORDAAN, P/s Buffelfontein, SOMERSET-OOS. 13/8/2B

## VOLKSANG- EN VOLKSPELE-KURSUS.

**'N KURSUS** in Volksang en Volkspele word gehou te Vryheid vanaf 4 tot 9 Oktober 1947. Om besonderhede skryf onmiddellik aan Mnr. C. J. BARNARD, Posbus 82, VRYHEID. 13/8/3

# *TRONK-TOE*

(Vervolg van bladsy 7)

„Kyk wat is daarin!" Hierdie speurder was egter nie so skrikkerig soos hy nie, en wou sommer die tenk uitrol wat hy natuurlik nie kon doen nie. Eers toe hy die vulpyp volg na buite sien hy dat dit 'n petroltenk is.

„Genugtig, maar hoeveel petrol kan jy ingooi?" vra die ou weer.

„Werk maar uit."

„Sestig gelling op 'n keer," sê hy eindelik. Ook petrolpompbediendes het altyd verbaas gestaan as ek al 24 koepons gee en sê: „Gooi in." Nadat alles in is het dit nog dof en leeg daarbinne geklink!

Die middag om vyfuur kom ons eers weer in die stad by die kantore aan. Daar verwitig die Kommissaris van Polisie my wat ek al die tyd vermoed het: „Ek word aangehou onder die noodregulasies vir ondervraging."

„Maar waarvoor?" wou ek weet.

„Oor al die dinge wat ons by jou gekry het," was die finale antwoord.

Toe hulle my in hegtenis geneem het, het ek 'n geheime dokument by my gehad wat ek persoonlik wou aflewer. Uit die aard van my werk was dit vanselfsprekend dat ek sulke dokumente by my sou dra, en veral as ek juis in dié verband op pad was. Ek sou naamlik die Maandagmôre verder gery het. Gelukkig was daar op geeneen van die dokumente enige name nie, maar daar was 'n voorgestelde datum in vermeld waarop sekere reëlings in werking sou tree.

*Verseker u Toekoms*
**deur die Eienaar te word van**

**VASTE EIENDOM**

- BOUPERSELE
- WOONHUISE
- PLASE
- BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON

**Raadpleeg —**

**J. (Kotie) THERON**
**CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,**
**Posbus 78 Foon 0028**
**S T R A N D**

# Die Helpers

Die dominiums staan gereed om Engeland op die hande te dra. Australië het reeds aangekondig dat hy net Britse motors in die land gaan toelaat, terwyl Nu-Zeeland meer voedsel beskikbaar wil stel. Die Unie-regering het nog nie sy voorneme aangekondig nie, maar daar word wel maatreëls beplan, volgens die Britse eerste minister.

**WATERDIGSEILE**
**(Vaal) 12 vt. by 18 vt.**
**SWAAR KWALITEIT**
Die regte ding vir die boer
**£7-12-6**
Skrywe aan:
**Minnaar, Westfalen, Paarl**

**Is Medisyne Noodsaaklik?**

***Die Natuurwetenskap sê nee!***

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**

**Met Verbasende Uitslae**

**GEEN MEDISYNE!**

**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepasisng van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**
**Posbus 1336 — KAAPSTAD**


**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**



**£ 7,700,000**

**... ONS JAARLIKSE KORINGOPBRENGS**


In die afgelope jare het die Unie se koringproduksie vinnig gestyg. In 1911 was die opbrengs 'n weinig meer as 180,000 ton. In 1939 het dit reeds 520,000 ton beloop. Tans word in 'n goeie jaar 'n bedrag van £7,700,000 aan koringboere uitbetaal.

VOLKSKAS het in die uitbouing van sy takstelsel, ook die ryk koringproduserende gebiede van die land in ag geneem sodat die Bank daar reeds goed verteenwoordig is.

Alle gebruiklike bankdienste word verstrek, insluitende lopende tjekrekenings, spaar- en beleggingsfasiliteite, en regstreekse oorsese (devise) transaksies deur sy eie agente en korrespondente in al die vernaamste dele van die wêreld.

*Navrae word verwelkom.*

HOOFKANTOOR: PRETORIA
LONDEN AGENTE: Lloyds Bank Limited
NEW YORK AGENTE: Chemical Bank and Trust Co.



**VOLKSKAS**
BEPERK
ARBEIDSAAMHEID
**BANKIERS**

DIE Boerejeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B." VAN WOENSDAG, 13 AUGUSTUS 1947.

# Hartlik Welkom!




**Hierdie maand vier die Boerejeug nie alleen die verjaardag van die Ossewabrandwag nie — ons het ook die voorreg om 'n eie Boerejeugblad te verwelkom. Met die verskyning van „Vuurslag" kry „Die Boerejeug" dus 'n nuwe boetie en hierop is ons baie trots!**

In die eerste uitgawe van „Die Boerejeug" het ons jeugleier geskryf: „Ons voorsien dat ‚Die Boerejeug' sommer een van die dae so gaan uitgroei dat ‚Die O.B.' vir hom gana sê: ‚Vat jou goed en trek, Ferreira'." Hierdie profesie is nou meer as bewaarheid geword, want in plaas daarvan dat „Die Boerejeug" aan „Die O.B." vaarwel sê, skaf hy vir hom 'n maat aan wat afsonderlik oor die pos direk aan Boerejeuglede gestuur kan word. Op dié manier kan elkeen sy eie blad met sy eie adres daarop ontvang, en tog ook nog by vader en moeder in „Die O.B." lees hoe dit met ander veldkornetskappe gaan.

Broers en susters het nou wel baie punte van ooreenkoms maar hulle verskil tog ook baie. En so is dit ook met hierdie twee boeties: „Die Boerejeug" en „Vuurslag" — elkeen het sy eie taak en sy eie persoonlikheid maar vul mekaar volmaak aan!

„Die Boerejeug", as die ouer een, bly ons amptelike orgaan en bevat stof wat daarop gemik is om in die algemeen leiding te gee, en nuus in verband met laers en ander bedrywighede te verskaf.

Hierby sluit Vuurslag aan deur direkte voorligting te verskaf in verband met die werkskema, iets wat „Die Boerejeug" nog nooit kon behartig nie. Die verskillende stukkies is nie net opgestel met die oog op pret nie, alhoewel die deurlees daarvan baie genot verskaf. Sonder dat die lesertjie dit weet is hy of sy besig om Boerejeug-opleiding te ontvang, of dit nou by die vervolgverhaal, prentverhaal, blokkiesraaisel of dogtersrubriek is.

Maar waarom het ons nou juis hierdie naam, „Vuurslag," vir die blad gekies? Lees die artikel van ons Jeugleier in die eerste uitgawe (Augustus) en julle sal verstaan. En, Kleingoed, daar is ook 'n mooi artikeltjie vir julle!

## PENMAATS

Die volgende maats wil graag met ander Boerejeuglede korrespondeer. Boerejeughoofkwartier verwelkom dit baie dat Boereseuns en -dogters oor die hele Unie met mekaar oor die pos kennis maak. Skryf dus aan ons en meld julle ouderdom. Dié wat geskik vir hierdie drie maats is, kan sommer direk aan hulle skryf:

Sarie Theron, S.A.S., Koffiefontein. (9 jr. en in Std. 1).

Frederika du Toit, Forthampton, Fouriesburgstasie (14 jr. en wil graag met 'n dogter korrespondeer).

Salmon Roelofse, Meyertonstraat 24, George (17 jr en werk in die poskantoor. Hy wil graag korrespondeer met 'n seun of dogter van 16 of ouer).

## *Verjaardagketting*

14 AUG.: Valerie van Deventer, Frankfort; Fredrika Slippers, Kakamas; Annie Eysen, Robertson.

15 AUG.: Heinrich Grobbelaar, Fauresmith; Kiefiel Riekert, Saulspoort; Hendrik Mynhardt, Stella.

16 AUG.: Betsie Taljaard, Goodwood.

18 AUG.: Ora Müller, Bultfontein.

19 A. J. Wagener, Oudtshoorn; Corrie du Toit, Matooster.

20 AUG.: Gloudina Kotze, Jeppe; Marianne Potgieter, Kakamas; Ansie Arangies, Paarl; Hugo van Zyl, Paarl.

21 AUG.: Maria van Wyk, Paarl; Gerhardus Grobler, Zeerust.

22 AUG.: Erns Nieuwoudt, Stella; Willem Nel, Aughrabies; Johanna Marx, Pietersburg.

23 AUG.: Rulofina Nortje, Philippi.

24 AUG.: Frikkie de Beer, Kakamas-Oos; Christiaan Auret, Paarl.

**AGTERSTALLIG:**

31 JULIE: L. B. van der Merwe, Slabberts.

4 AUG.: Johan Lubbe, Clifford.

11 AUG.: Emil Marx, Pietersburg.

## *Onthou!*

***Ons wedstryd sluit al op 31 Augustus. Neem jy deel? Werf soveel intekenare op VUURSLAG as wat jy kan en stuur die name, adresse en geld aan Boerejeughoofkwartier. Daar is 'n eerste prys van £1 en 'n tweede prys van 10s. vir diegene wat die meeste intekenare werf voor einde Augustus, sowel as 'n vry subskripsie op VUURSLAG vir een jaar vir ander persone wat meer as 25 intekenare werf.***

***Vra jul offisier hoe die blad lyk.***

Oplossing van Blokkiesraaisel 3

**Dwars:** 1. Noodhulp; 6. Es; 7. S.O.; 9. K.R.; 10. Nar; 12. Anna; 14. Gaan; 16. Eed; 17. El; 18. Os; 20. Ge; 22. Sitkamer.


**Af:** 2. Opsaal; 3. Das; 4. U.R.; 5. Parade; 6. Engels; 8. O.a.; 9. Knegte; 11. Ra; 13. Né; 15. No; 19. Sla; 21. Jt.

## Oogies se Boerejeug



**Oogies se veldkornetskap by geleentheid van 'n byeenkoms. Die Boerejeug van Oogies tel reeds meer as tagtig lede.**

## Blokkiesraaisel Nr. 4



**DWARS**

1. Nie besig nie.
5. Sommige mense raak......met snaakse idees.
8. Dit kom ons Boerehelde toe.
9. Inleiding (afkorting).
11. Die onderwysstelsel wat die O.B. bepleit.
12. Ingenieur (afkorting).
13. Dam (agterstevoor gespel).
15. Totus tuus, d.w.s. geheel die uwe (afkorting).
16. Sestig minute.
17. Ons slagkreet is „.... vir almal en almal vir elkeen!"
18. In sake.
19. Myns insiens (afkorting).
20. Ensovoorts (afkorting).
22. Kontant by aflewering (afkorting).
23. Leier van die O.B.
25. Voornaam van 'n Engelse heldin uit die Tweede Vryheidsoorlog.
27. Kort vorm van Adam.
28. „Al dra 'n ...... 'n goue ring."
30. Meisienaam.
31. Meervoud van 8 dwars.
32. Waar ons laertrekke hou word die ...... beskerm (enkelvoud).
33. Ou benaming vir een sjieling en ses pennies.

**AF.**

1. Ons volksbeweging groei hoofsaaklik vanuit twee wortels, arbeid en ......
2. Dieselfde as 8 dwars.
3. Dokter (afkorting).
4. Nuk.
5. 'n Laertrek is altyd 'n ...... vooruitsig, of hoe?
6. Vaksineer.
7. Een van die Voortrekkerleiers
10. Kompaspunt.
13. Bouvalle.
14. Het al gebeur.
21. Vlek.
22. Sinoniem vir 21 af.
24. Bitter stof wat deur die lewer afgeskei word om te help met die spysvertering.
26. Voorsetsel.
27. Hulle vervoer die vuil bloed in die liggaam.
29. 'n Kind se beste vriend.
31. Elektriese lig (afkorting).

(Oplossing verskyn in die volgende uitgawe).

*Ervarings Uit Die Stryd:*

# TRONK-TOE

Deur KRISJAN

My vriende in die stad het geweet van die uitgebreide klopjag wat die speurders, met versterkings uit Johannesburg en elders, op ons almal in Bloemfontein sou doen. Ek was egter die vorige aand op 'n funksie wat deur 'n groep van ons generaalskap gereël is, en daarna is ek uit na die plaas van my vriend, Herbert. Hier was my vrou, Willena, en kindertjies al 'n geruime tyd, aangesien ons iets in die neus gekry en vroegtydig ons huis opgesê het. Die volgende dag sou dit ons tweede dogtertjie se eerste verjaardag wees en ons wou dit saam op die plaas vier.

Hiervan het my vriende in die stad nie geweet nie, en kon my die nag dus glad nie in die hande kry om my te waarsku nie. Vóór sonop die volgende môre, Saterdag, 6 Junie 1942, toe die ryp nog dik langs die Modderrivier lê en ons nog slaap, kom die speurders op die plaas aan. 'n Sekere majoor Mentz was aan die hoof van die ekspedisie bestaande uit twee motors en agt speurders.

Na allerhande beledigende voorvalle, soos die deursnuffel van al Willena se klere, word ek deur die majoor Mentz aangesê om my gereed te maak om saam te gaan stad-toe. Nadat ek onder toesig my ontbyt saam met die kleingoed geniet het, is ons toe direk na die Polisiehoofkwartier. Daar vind ek Boeta, Schalk, en nog 'n paar vriende wat reeds vroeër die oggend in die stad aangekeer is. Ek beantwoord hul groet met 'n saluut en ons wissel 'n blik waardeur ons goed vir mekaar laat verstaan dat ons alles begryp.

Ná heelwat nuttelose ondervraging waarop ek alleen: „Ek weet nie," kon antwoord, het ek hulle oorreed om my weer na die plaas te neem „om my goed te gaan haal." Eindelik willig hulle in, maar toe ons op die plaas kom is Willena-hulle weg. Ek was baie teleurgesteld want ek wou eintlik verlaas kom groet aangesien dit vir my duidelik geword het dat ek nie weer losgelaat gaan word nie. Toe hulle eindelik kom, was die speurders al net haastig, maar so tussen die gesoek na dinge wat ek glad nie nodig gehad het nie, fluister ek allerhande boodskappe aan Willena vir ander vriende wat moontlik hierdie klopjag vryspring.

Nou moes my motor ook saamgaan, hoewel ek beduie dat my vrou nie daarsonder kon klaarkom nie. Met behulp van my vriend het ek 'n addisionele 45 gelling petroltenk agter in die bak van die motor ingebou. Die prop buite het ek dieselfde kleur as die motor geverf. Toe majoor Mentz dus die motor agter oopmaak, in die hoop om bomme, springstowwe en uitsenders te vind, kyk hy teen die 45-gelling-tenk vas.

Versigtig voel-voel hy daaraan en vra: „Wat is dit?"

„Ek weet nie. Vind uit — dis mos jou werk!"

Hy roep een van sy manne:

(Vervolg op bladsy 6)

**VUURSLAG,**
**Meyergebou 9, Kerkstraat,**
**POTCHEFSTROOM.**

**Geliewe my asseblief as intekenaar op VUURSLAG vir 'n tydperk van.......... maande aan te teken, waarvoor ek hierby 'n poswissel vir.................. insluit.**

**NAAM** ..............................

**ADRES** ..............................

..............................

**INTEKENGELD VOORUITBETAALBAAR:**

**Twaalf Maande: 2/6; Ses Maande: 1/3.**

# ONS BETAAL VIR 'N ONNODIGE OORLOG

## Sir Mosley Oor Krisis

**„Ons betaal nog steeds vir die oorlog teen Duitsland, en ons sal nog vir 'n lang tyd daarvoor betaal," is die kommentaar van Oswald Mosley op die aftakeling van die Britse Ryk en die huidige geldelike krisis.**

**„Die politieke teenstanders van daardie oorlog is deur die koalisieregering in die tronk gestop. Sedertdien is die hele land deur die Arbeidersparty in die tronk gestop. Tronklewe in die binneland en oorgawe in die buiteland — dit is terme waarin ons nou betaal vir 'n onnodige oorlog."**

Hy verwyt die regering vir die verlies van Indië en vryf dit met nadruk in die oorlogswond: „Indië is deel van die prys wat ons betaal vir die Duitse oorlog, en die „skitterendste juweel" is maar 'n deel van daardie prys.

Die nuusbrief verwys ook met bitterheid na die „vlug uit Brittanje" deur sogenaamde emigrante wat in werklikheid vlugtelinge is. „Die politieke sinikus sal heelwat pret kan maak uit die vooruitsigte van Britse oudsoldate en hul gesinne wat soos swerms lemmings wegtrek van die dappere nuwe wêreld van sosiale demokrasie."

**Hul plekke, so gaan die nuusbrief voort, sal ingeneem word deur vreemdelinge uit die Ooste wat, synde grootgemaak op die swart brood van oorgeërfde armoede, dit minder moeilik sal vind om hulle by die leefwyse van die na-oorlogse Brittanje aan te pas as die wegtrekkende Engelse.**

## *,Valse Propaganda Met Gesteelde Geld Teen Spanje' Sê Spanjaard*

Die offisiere van die besoekende Spaanse oefenseilskip, Juan Sebastian de Elcano, wat Kaapstad die afgelope paar dae besoek het, is deur die Unie-verdedigingsmag in die Kasteel op 'n partytjie onthaal terwyl die Britse vlootowerheid 'n eetmaal vir die offisiere in Simonstad gereël het. Hierdeur het die verdedigingsmag en die vlootowerheid hulle die woede van 'n sogenaamde oud-soldate organisasie, die Springbok Legion, op die nek gehaal omdat Suid-Afrika die „fasciste" so 'n gulle ontvangs gegee het.

„As bevelvoerder van die oefenskip is dit benede my om kommentaar te lewer op agitasie in 'n deel van die pers," et kommandeur Manuel de la Puente Magallanes aan ons verteenwoordiger verklaar.

Hy beweer dat in baie lande waar daar 'n veldtog teen Spanje en die regering van genl. Franco gevoer word, dit gefinansier word deur geld wat die Spaanse vlugteling-regering uit Spanje gesteel het.

**„Die onlangse verkiesing in Spanje waar die oorgrote meerderheid van die Spaanse volk vir Franco gestem het, is genoegsame bewys van hoe ver die propaganda teen die Spaanse leier van die waarheid verwyder is," het die kommandeur verklaar.**

„Maar synde 'n goeie Roomskatoliek, is ek bereid om hulle dit alles te vergewe."

## Britte Gaan Duitsland Dalk Ontruim

Die Britse minister van finansies, Hugh Dalton, het aangekondig dat hulle drasties gaan besnoei met die uitgawes van die Britse regering in Duitsland. Die Britte wil sowat £200,000,000 per jaar bespaar en Duitsland sal 'n deel van die besparing uitmaak. (£200,000,000 sal Brittanje se kop vir net drie maande bo water hou).

**Van Amerikaanse kant is verklaar dat terugtrekking van Britse troepe uit Duitsland geen strategiese verskil kan maak nie, aangesien Rusland in elk geval sterk genoeg is om oor Europa te hardloop ten spyte van die Westerse besettingsmagte.**

## Britse Troepe Uit Griekeland

Die Britse regering het die regering van Griekeland in kennis gestel dat alle Britse troepe uit Griekeland terug getrek sal word. Geen datum is aangegee nie. Diplomatieke kringe meen dat die terugtrekking nie sal geskied nie omdat die orde in Griekeland nog nie herstel is nie.

Die besluit van die kabinet om die troepe terug te trek, spruit skynbaar voort uit die aangekondigde beleid om die Britse leër te snoei om sodoende Brittanje se uitgawes te verminder."

## Smuts En Nehru

Veldm. Smuts het aan Pandit Nehru geskryf dat hy nie die herroeping van die Vaspenwet en ander maatreëls ten opsigte van die Indiërs in Suid-Afrika sal aanbeveel nie.


**Ossewabrandwagdag**

**PAARL**

**STADSAAL,**


**Vrydag, 22 Augustus, 1947.**

BASAAR — KAFEE — AANDETE

3.30 n.m.: Opening deur Mev. Ds. Roux.

8.15 n.m.: Toespraak deur Hoofgenl. P. R. Retief, Ceres.


## £5 Per Maand Vir Noodhulp



**In verband met die oproep in Die O.B. deur die Noodhulphoof vir fondse word berig dat generaal Naas Prinsloo van Generaalskap E6 rapporteer dat sy generaalskap elke maand 'n spesiale bydrae van £5 in die Noodhulpfonds sal stort by die Noodhulphoofkwartier, Johannesburg. Hy doen 'n beroep op elke generaalskap in die Unie om dieselfde te doen waardeur verseker sal word dat daar nie 'n gebrek aan fondse sal wees vir die manne in die tronk se afhanklikes nie.**

## Tekort Volg Gou Op Hakke van Kontrak Met Engeland

**Op 24 Julie het die Cape Times die volgende berig omtrent 'n kontrak vir die uitvoer van eiers na Engeland bevat:**

**„Die Unie het 'n kontrak vir twee jaar voorlopig met Engeland gesluit vir die uitvoer van Suid-Afrikaanse eiers. Kragtens die kontrak sal Engeland alle eiers wat nie in die Unie nodig is nie, van die Unie-regering koop. Die kontrak is hernubaar vir 'n verdere twee jaar na verstryking.**

„Die prys sal 2s. 3d. per dosyn wees gelewer in Kaapstad.

**„Daar is geen sprake van dat 'n tekort aan eiers veroorsaak kan word deur die uitvoerreëling nie.**

**„Die kontrak is moontlik gemaak deur die rekord-uitbreiding van die pluimveenywerheid nadat die beheer oor pluimveevoer opgehef is.**

**„Mnr. Bloch (voorsitter van die Kaapse pluimveeklub—Red.) het gesê dat daar byna net soveel hoenders vandag in Suid-Afrika is as voor die oorlog."**

TEKORT

**Op 29 Julie berig die pers dat daar so 'n tekort aan eiers in Kaapstad is dat meeste winkels glad geen voorrade het en dat geen huisvrou toegelaat is om meer as 'n halfdosyn op 'n slag te koop by die winkels wat nog oor voorrade beskik het nie.** As een van die redes vir die tekort noem die Cape Times die moontlikheid dat die eiers teruggehou word vir broeidoeleindes nou dat die voerposisie verbeter het: „Boere het verkies om hul troppe uit te dun en die kwaliteit te handhaaf. **Nou is hulle weer besig om hul troppe op volle sterkte te bring."**

Maar 'n week tevore het mnr. Bloch gesê die troppe is reeds op sterkte!

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Jode Loop Deur Onder ,Bevryders'

**'n Vloedgolf van anti-Joodsheid het oor Brittanje losgebars as gevolg van die terroristiese dade in Palestina, en tot so 'n mate is die Britse denkwyse hierdeur beïnvloed dat betogers in Engeland Hitler se optrede teen die Jode begin regverdig. „Hitler was reg. Roei elke Jood, elke man, vrou en kind uit," het die leier van 'n anti-Joodse betoging verlede week in Eccles uitgeroep. Hy is in hegtenis geneem saam met tientalle ander Britte wat dwarsdeur Engeland Joodse eiendomme beskadig het. Duisende ponde skade is aangerig aan winkels en sinagoges.**

Dit lyk in elk geval of Jodevervolging nie 'n euwel is wat tot die Nazisme alleen beperk is nie.

Tot watter mate die Jode ook in Oos-Europa gehaat word, blyk uit die getuienis van die leier van die Demokratiese Party in Pole, prins Christopher Radziwill — 'n naby-Kommunis van wie 'n familielid verlede week as immigrant in Kaapstad aan wal gestap het. Radziwill verklaar dat die Pole die uitroeiing van Jode verwelkom het. Sodra 'n Jood gevang is, het hulle sy winkel gaan oorneem.

**In baie gevalle het van die Jode later weer teruggekeer en die nuwe eienaars uit hul winkels verdryf. Talle Pole wat op hierdie wyse aan die een of ander besigheidjie gekom het, verkeer op die oomblik onder voortdurende vrees dat die Jood dalk kan terugkom „uit die dood", en hierdie onsekerheid vergroot die haat! aldus die prins.**

Hy deel mee dat hy self 'n gevangene in 'n kamp was waar Jode deur die Duitsers op 'n dag „massa-gewys" doodgemaak is. „Daardie aand het baie van my Poolse mede-gevangenes dronk geword soos hulle fees gevier het. Dit is verskriklik, maar dis waar."

## *SLAGTERS BOIKOT BRITSE JODE*

**Vyf-en-tagtig slagters van Liverpool het besluit om voortaan nie meer kosjervleis aan Jode te lewer nie as 'n wraakmaatreël teen die terrorisme van Jode in Palestina. Hulle verklaar dat die Jode in Brittanje moreel net so skuldig is aan die moorde op Britse offisiere in Palestina.**

**In Liverpool is daar 10,000 Jode wat min of meer almal sonder vleis sal wees. Slagters van Birkenhead het die onlangs 'n soortgelyke besluit geneem.**

# Argentinië Bloei Onder Pres. Peron

**Die snelle vooruitgang wat Argentinië onder die leiding van president Peron gemaak het, is deur mnr. A. Zoutendyk, konsul-generaal van die Unie in Argentinië, geroem voordat hy so pas weer na Argentinië teruggekeer het.**

Pres. Peron het die lewenspeil van die arbeiders aansienlik verhoog. Ook is daar verbeterings in die leër en vloot aangebring. **Mnr. Zoutendyk het president Peron wat tydens die oorlog as 'n fascis uitgeskel is, as 'n demokraat beskryf. Hy en sy eggenote is besig om 'n groot taak vir hul land te verrig, net hy gesê.**

„Wat die wêreld ookal mag sê van Peron se politieke oortuiging, kan ek die versekering gee dat hy goeie betrekkings handhaaf met Engeland, Amerika en die dominiums."

Argentinië bied 'n pragtige voorbeeld van hoe eerbare vaderlanders wat vir die werkers se belange veg, alte maklik as fasciste bestempel word. Ook in ons land word hierdie woord gehang om elkeen se nek wat hom verset teen kapitalistiese uitbuiting en 'n beter staatsvorm as die parlementarisme voorstaan.

## Plaas Verbod Op Hulle Teenstanders

**As 'n verdere maatreël om hul opposisie in die Balkan te likwideer het die Kommuniste in Roemenië 'n verordening uitgevaardig waarkragtens die vernaamste teenstanders van die Kommuniste in Roemenië, die Kleinboereparty, ontbind is. Die Kommuniste beskuldig die party dat hy „die gevestigde demokratiese regeringsvorm van Roemenië omver wil werp".**

**Die besittings van die Party is deur die Kommuniste oorgeneem en hulle bedrywighede is onwettig verklaar. Daar sal ook 'n tussenverkiesing uitgeskryf word om die 33 lede van die party te vervang.**